moreleta kerk
**kursusmateriaal**

# Geesvervulde Lewe



Waar die stroom van die Gees lewe bring!
Esegiël 47:9

# welkom



Baie welkom by hierdie kursus vir alle lidmate van die gemeente.

Ons is so dankbaar dat jy as deel van die Moreleta Kerk familie inklim in God se waterstroom wat al dieper en wyer vloei.

Ons glo dat jy deur hierdie kursus die Heilige Gees en Moreleta Kerk beter gaan leer ken en meer gaan liefhê.

Jy is nou ook deel van die vervulling van God se belofte aan die gemeente in Esegiël 47. Ons glo dat jy nou ook die herlewingskrag van die Heilige Gees gaan beleef sodat jy sal sien en ervaar hoe die woestyn herlewe.

Moenie een van die vier sessies misloop nie, want elkeen is 'n noodsaaklike bousteen.

Kom biddend en met 'n verwagting na hierdie kursus.

Mag die Here se seën oor jou neer reën en nuwe groei en vrug bring.

Teodor van der Spuy

**As elke lidmaat van Moreleta Kerk onder beheer van die Heilige Gees lewe, sal daar nuwe bome en vrug verskyn en die woestynwêreld verander in `n tuin.**

# inhoud

2 welkom

## sessie 1 - wat weet jy van die Heilige Gees?

5 Groot onkunde
Ons leef in die bedeling van die Heilige Gees.
Die Drie-Eenheid.

6 Die Heilige Gees is 'n Goddelike Persoon.
Prakties.

## sessie 2 die werk van die Heilige Gees?

7 Wat kom doen die Heilige Gees?
Eienskappe van die Heilige Gees.

9 Die werk van die Heilige Gees.

## sessie 3 vervulling met die Heilige Gees?

11 Is alle Christene vervul met die Heilige Gees?

13 Hoe word ek vervul met die Heilige Gees?

14 Bewys van Geesvervulling
Prakties

## sessie 4 hoe bly ek vervul met die Heilige Gees?

15 Kan ek die beheer van die Heilige Gees verloor?
Geesvervulling is nie net eenmalig nie.

16 Petrus is meermale vervul

17 Geesvervulde Christene het steeds 3 vyande.

18 Hoe bly ek Geesvervuld?

sessie 1

# wat weet jy van die Heilige Gees?



**Fokus op God** (Lofprysing, gebed)

## 1.1 Welkom by Moreleta Kerk

- Met die ontstaan van ons gemeente in 1985 het die Here Sy plan vir die gemeente duidelik gemaak uit die visioen van Eseg 47. Daarom is ons visie "Waar die stroom van die Gees lewe bring."
- Moreleta Kerk wil elke lidmaat help deur ons Super Sondae se eredienste en kleingroep kringe om betrokke te raak in bedieninge en uit te reik met die goeie nuus van die Evangelie na die wêreld rondom ons. Die kenmerk van elke lidmaat sal juis wees om Geesvervuld te wees en daarom hierdie kursus.
- Ons gemeente se embleem beeld juis hierdie waterstroom uit wat al wyer en dieper in die wêreld vloei.
- Iets van die vervulling van Eseg 47 se profesie sien ons in 'n klein groepie gemeentelede wat in 'n skoolsaal begin kerk hou het en wat so gegroei het dat 'n eie kerkgebou vir 1500 mense in 1992 gebou moes word in Rubenstein rylaan.
- Die gemeente se stroom het al wyer gevloei en toe die nuwe kerk in 2004 gebou is, was hier 17,332 lidmate in die gemeente. Hierna het die kerk se invloed binne en buite die gemeente steeds verder toegeneem.
- Na baie gebed en beplanning is besluit om in 2004 die nuwe Woodlands ouditorium vir 7200 mense te bou. Die gebou se koste van R110 miljoen is binne 3 jaar afbetaal.
- Sien die gemeente se toepassing (App.) en web by moreleta.org vir meer inligting.

## 1.2 Prakties: Wat moet 'n lidmaat weet van die Heilige Gees?

Vertel vir mekaar in groepe wat julle alles weet van die Heilige Gees.

## 1.3 Groot onkunde

- In 1988 het die kerkraad besef dat groei en vrug in die gemeente slegs deur die Heilige Gees kan kom. Hulle het 'n belangrike besluit geneem om God die Heilige Gees te eer en ruimte vir Hom te maak in die kleingroepe, die eredienste, en elkeen se persoonlike lewe.
- Baie lidmate het besef dat hulle eintlik net 'n verhouding met die Vader en die Seun het, maar onkundig is oor die Heilige Gees. Eintlik dien hulle nie die ware God van die Bybel nie, maar slegs 'n Twee-Eenheid in plaas van 'n Drie-Enige God. God die Heilige Gees is in 'n groot mate geïgnoreer.
- Lidmate se kennis van die Heilige Gees was dikwels dwalinge wat nie in die Skrif gefundeer is nie. Die Heilige Gees is geassosieer met vreemde manifestasies en onordelike en onbybelse gedrag (1 Kor 14:40). Gevolglik was daar meer vrees as verlange na die Heilige Gees.





## 1.4 Ons leef in die bedeling van die Heilige Gees

- "Ek weet dat ek deel is van die splinternuwe era van die Heilige Gees." 2 Kor 3:12.DB.
- In die Ou Testament sien ons dat die Vader as die eerste Persoon van die Drie-Eenheid op die voorgrond is. Dit is die Vader wat praat met Abraham, Isak en Jakob, Moses, die Rigters en die Profete.
- Die Nuwe Testament begin met die nuwe bedeling waar die kollig op die tweede Persoon van die Drie-Eenheid val. Jesus se geboorte, bediening, prediking, kruisiging en opstanding is op die voorgrond. Hierdie bedeling kom tot 'n einde by Jesus se Hemelvaart.
- Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag begin die derde bedeling met die Heilige Gees as derde Persoon van die Drie-Eenheid wat op die voorgrond is. Jesus het met Sy weggaan belowe dat die Heilige Gees sal kom om in hulle te woon en te werk tot aan die einde van hierdie bedeling met Sy wederkoms. Daarom lees ons in Handelinge hoe die Heilige Gees die kerk gelei, toegerus en gebruik het om God se Koninkryk uit te brei. Daarom moet ons verhouding met die Heilige Gees ook op die voorgrond wees en prominensie geniet.

## 1.5 Die Drie-Eenheid

- Ons sal God nooit kan begryp of verklaar nie. In die Bybel word God geopenbaar as een Wese en drie Persone. God is van 'n totale ander orde wat ons nie kan verduidelik nie. Om iets hiervan te verstaan sou 'n mens kon dink aan water se chemiese formule wat aandui dat water bestaan uit 2 waterstof atome en een suurstof atoom. Tog kan water bestaan as 'n gas, naamlik stoom, 'n vaste stof, naamlik ys en 'n vloeistof naamlik water. Dit illustreer dat drie eintlik een kan wees.
- Ons sien dat die Drie-Eenheid byvoorbeeld by Jesus se doop openbaar word. Die Vader sê vir Jesus dat Hy Sy geliefde Seun is en die Heilige Gees daal op Jesus neer in die vorm van 'n duif (Mat 13: 16-17).
- Jesus beveel ook dat as iemand tot bekering kom, hy gedoop moet word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Mat 28:19).
- Volgens 2 Kor 13:13 kom God se seën na ons ook van die Drie-Enige God – Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die Skrif meld ook al drie Persone as God op verskeie plekke (Luk 1:35, Rom 5:1-11, Ef 4:4-6, Open 1:4-6).

## 1.6 Die Heilige Gees is 'n Goddelike Persoon

- Die Bybel maak dit duidelik dat die Heilige Gees 'n Goddelike Persoon is en nie net 'n krag of 'n invloed nie. In Grieks moet die woord vir Gees (pneuma) as onsydig (dit) vertaal word, maar word egter met "Hy" vertaal.
- Daarom verduidelik die Bybel dat die Heilige Gees persoonlike eienskappe het. As 'n Persoon oortuig Hy van sonde (Joh 16:8). Die Heilige Gees neem besluite (Hand 15:28). Hy verhinder en keer mense (Hand 16:7). Hy praat (Hand 13:2). Hy onderrig (Joh 14:26). Hy raak bedroef (Ef 4:30). Hy deel gawes uit (1 Kor 12:11).
- Die Skrif maak dit duidelik dat die Heilige Gees 'n Goddelike Persoon is en dat Hy die Parakleet / Helper genoem word (Joh 16:7).
- Dit is dus duidelik dat die Heilige Gees God is wat in ons wil woon en in 'n persoonlike verhouding met ons wil leef.

## 1.7 Prakties

- Sluit af met gebede van dank en aanbidding spesifiek vir die Heilige Gees.



# sessie 2

# die werk van die Heilige Gees?



**Fokus op God** (Lofprysing, gebed)

## 2.1 Welkom by Moreleta Kerk

- Soos wat Eseg 47, die gemeente se embleem en visie aandui is die Here se plan dat die water wyer en dieper sal vloei. Die water as simbool van die Heilige Gees vloei uit die Vader se troon, verby die altaar van Christus in die woestyn in en loop dan al dieper en wyer.
- Hierdie groei gebeur deurdat elke lidmaat in 'n kleingroep (kring) ingeskakel is waar hulle geestelik groei en waar nuwe lidmate 'n tuiste vind.
- Vir sewe jaar lank het daar elke jaar 'n addisionele 1000 lidmate bygekom en vir die daaropvolgende vier jaar het daar elke jaar 'n addisionele 2000 lidmate ingeskakel.
- In die kringe het lidmate leer Bybelstudie doen, leer praat oor die Here en leer hardop bid.
- ·Die weeklikse byeenkomste in kringe het die ruimte geword waar lidmate vir mekaar leer ken het, leer liefkry het en leer omgee het vir mekaar.

## 2.2 Wat kom doen die Heilige Gees?

- Waarom is die koms van die Heilige Gees vir ons voordelig? Toe Jesus afskeid geneem het van Sy dissipels, het Hy gesê dat dit vir hulle beter gaan wees as Hy weggaan, want dan kom die Heilige Gees om in hulle te bly. (Joh 16:7)

## 2.3 Eienskappe van die Heilige Gees



**Wind**

- Op Pinksterdag wag die gelowiges biddend op die belofte van Jesus oor die koms van die Heilige Gees. Skielik is daar 'n stormwind uit die hemel wat die plek waar hulle saam was gevul het (Hand 2:2).
- Hierdie wind het die dissipels herinner aan Jesus se verskyning kort vantevore toe Hy oor hulle geblaas het en gesê het dat hulle die Heilige Gees moet ontvang (Joh 20:22).
- Die gelowiges het geweet dat God se asem oor hulle geblaas het en dat die Heilige Gees nou by hulle en in hulle was.
- As die Heilige Gees met wind geassosieer word dui dit daarop dat alhoewel Hy onsigbaar is, Hy kragtig is en magtige dinge kan doen.



## Vuur

- Johannes die Doper het geprofeteer dat Jesus gaan kom om nie met water te doop nie, maar met die Heilige Gees en met vuur (Luk 3:16).
- Daarom het die gelowiges geweet dat Jesus hulle nou doop met die vuur uit die hemel wat soos tonge van vuur op hulle voorkoppe neergedaal het (Hand 2:3)
- Die vuur se gloed dui op die Heilige Gees se liefde wat Hy in ons harte uitstort.
- Die vuur is ook simbool van die lig wat die donkerte verdryf, daarom sien ons dat die Heilige Gees die gelowiges aan die brand gesteek het en dat die liefde van God soos 'n veldbrand versprei het na Judea, Samaria en die uiteindes van die aarde.

## Water

- Reeds in die Ou Testament is na die koms van die Heilige Gees verwys dat Hy sal kom soos water wat nuwe lewe bring in 'n woestyn en in mense se lewens (Eseg 47 en Jes 44:3).
- As die Heilige Gees in iemand se lewe begin oorneem word daardie persoon eintlik 'n fontein van Lewende Water wat oorloop na ander (Joh 7:37-39).
- Die Heilige Gees verander 'n mens se sondige lewe en bewerk nuwe vrugte van liefde, blydskap, selfbeheersing en nederigheid. (Gal 5:22-23)
- Die Heilige Gees gee ook gawes wat ons in staat stel om mense met bonatuurlike geestelike kennis, wysheid, insig en krag te help.





## Olie


- Reeds in die tabernakel en in die tempel is die Heilige Gees se teenwoordigheid en werking beklemtoon deur die kandelaar met sewe olie lampies.
- Die olie is die simbool van die Heilige Gees se teenwoordigheid en daarom is persone met olie gesalf vir hulle dienswerk (Lev 8:12).
- Persone is gesalf met olie as teken dat hulle aan God toegewy en vir Sy werk afgesonder is.
- Daarom is die Heilige Gees se werk om ons te salf en toe te rus om God se roeping vir ons lewe te kan uitvoer.

## Duif

- Met Jesus se doop, wat 'n salwing en toerusting vir Sy voltydse bediening was, het die Heilige Gees in die vorm van 'n duif oor hom gekom (Joh 1:32).
- Die duif is 'n simbool van die stille en sagte werking van die Gees. Hierdie kenmerk van die Heilige Gees is duidelik as mens die kontras sien tussen 'n duif en 'n roofvoël.
- Die duif is ook simbool van skoonheid en heiligheid.
- 'n Duif is sensitief en sal maklik opvlieg as daar gevaar kom.
- Die duif is ook die simbool van vrede want waar die Heilige Gees werk is daar vrede




## 2.4 Die werk van die Heilige Gees




**Gebed**

- Die Heilige Gees het juis gekom om ons te help om reg en binne God se wil te bid.
- Ons weet nie presies wat en waarvoor ons moet bid nie, maar die Heilige Gees kom help ons en tree vir ons in om effektief binne God se wil te bid (Rom 8:26).
- Selfs as ons nie kan bid nie, dan gee die Heilige Gees vir ons onverstaanbare woorde in 'n engeletaal om direk tot God deur ons te bid (1 Kor 14:2).



**Bybel**

- Die dissipels kon nie geestelike dinge verstaan of insien nie totdat die Heilige Gees hulle oë oopgemaak het.
- Die Heilige Gees het hulle verstand verhelder om die skrifte te verstaan en die geestelike betekenis van die profesieë van Jesus se kruisiging en opstanding te begryp (Joh 16:13).
- Die Heilige Gees is die eintlike Skrywer en Outeur van die Bybel (2 Tim 3:16).
- Die Bybel is daarom God se Woord en as ons Sy wil soek sal Hy met ons praat uit die Bybel en die Heilige Gees sal ons lei.



**Vrug**

- Die bewys dat die Heilige Gees iemand se lewe beheers is dat die vrug van die Gees sigbaar sal word. Die Heilige Gees deel verskillende gawes uit soos dit nodig is en daarom funksioneer al die gawes nie by al die Christene nie. Die vrug van die Gees is egter volledig in alle gelowiges.
- Die vrug van die Gees is eintlik die persoonlikheids-eienskappe van Jesus. Die Heilige Gees het juis gekom om Christus te verheerlik. As die Heilige Gees ons lewe beheer dan verander ons om al meer soos Jesus te wees.
- Die Heilige Gees oortuig van sonde en help ons om ons sondige natuur te oorwin en te verander sodat ons al meer soos Jesus word.
- "Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing." (Gal 5:22-23)



**Getuig** (Hand 1:8)

- Die dissipels het 'n opdrag van Jesus gehad om te getuig maar het nie moed gehad om die Evangelie uit te dra nie. Toe die Heilige Gees uitgestort is het hulle in fonteine verander wat nie kon stilbly nie.
- Petrus het verklaar dat Hy vir Jesus sal opstaan, maar toe Jesus gevange geneem is het hy vir Jesus 3 maal verloën. Nadat die Heilige Gees hom vervul het was hy nie meer skaam of bang nie, maar het met krag en outoriteit getuig sodat 3000 mense tot bekering gekom het.
- Die toerusting tot getuienis is die hooftaak van die Heilige Gees. (Hand 1:8).
- Die gawes van die Gees is eintlik God se bonatuurlike krag-toerusting om te getuig

**Gawes** (1 Kor 11 & 12)

- Eers as iemand wil getuig en iemand geestelik wil help, het jy die gawes van die Gees nodig.
- Christene mag nie onkundig wees oor die gawes van die Gees nie, maar moet in feite en praktyk ingelig wees. 1 Kor 12:1.
- 'n Gawe is nie 'n natuurlike talent waarmee jy gebore word nie.
- 'n Gawe is nie iets uit onsself nie, maar 'n bonatuurlike gawe wat God gee om tot iemand se geestelike voordeel te wees. 1 Kor 12:7.
- Ons is bloot God se bode wat Sy geskenk pakkie vir iemand aflewer.
- 1 Kor 12 verdeel die 9 gawes in 3 kategorieë waar die Gees ons help om iets te weet, iets te sê of iets te doen.
- Woord van Kennis. Die Gees openbaar feite soos toe Jesus geweet het van die vrou by die put se 5 mans. Joh 4:18.
- Woord van wysheid. Goddelike wysheid soos toe Jesus gesê het dat die een wat sonder sonde is die eerste klip na die onsedelike vrou moes gooi. Joh 8:1-12.
- Gawe van onderskeiding. Om die satan agter Petrus te herken (Mat 16:23) selfs as hy hom vermom as 'n engel van die lig. (1 Kor 11:14)
- Profesie. Nie voorspellings nie maar woorde direk van die Gees wat opbou, vertroos en bemoedig. 1 Kor 14:3. Toets dit aan die Woord.
- Spreek in tale. Dit is woorde wat soos 'n engeletaal deur die Gees direk tot God gebid word en wat jy nie verstaan of uitdink nie. 1 Kor 14:2.
- Uitleg van tale. Die Gees gee 'n uitleg van die onverstaanbare woorde wat dan eintlik 'n boodskap van God is. 1 Kor 14:13-14.
- Gawe van geloof. Dit is 'n bonatuurlike oortuiging wat die Gees gee van wat God wil doen en dit sluit daarom wonderwerke oop. 1 Kor 13:2, Hand 27:25.
- Gawe van gesondmaking. Daar is natuurlike genesing maar die Gees kan ook soos deur Jesus bonatuurlike genesing doen wat nie verklaar kan word nie. Die kerk het 'n opdrag om die Gees te vertrou vir genesing. Jak 5:14-16.

## 2.5 Prakties. Besprekingsvraag

Wat is daar spesifiek wat jy begeer dat die Heilige Gees in en deur jou moet kom doen?

# sessie 3 vervulling met die Heilige Gees?

**Fokus op God** (Lofprysing, gebed)



### 3.1 Welkom by Moreleta Kerk

- God se bedoeling met Moreleta Kerk was van die begin af om 'n stroom water te wees wat nie opgedam word nie.
- Elke lidmaat het verstaan dat hulle met die liefde van Christus moet uitreik na mense wat nog nie betrokke is in die kerk nie.
- Eseg 47 se water loop in die woestyn en in die Dooie See in en verander dit in 'n tuin vol vrugtebome en 'n see vol visse.
- Daarom word lidmate toegerus om op 'n eenvoudige manier die Evangelie van verlossing met ander te deel.
- Die gemeente is 'n lanseerbasis wat mense toerus en uitstuur om ander na die kerk toe te nooi.
- Die gemeente embleem dui ook 'n oop sirkel aan wat daarop dui dat die Lewende Water in hierdie wêreld moet uitvloei. Daarom is die gemeente visie: "Waar die stroom van die Gees lewe bring". In Eseg 47 verander die stroom die woestyn in 'n tuin vol plante en diere, asook visse in die water.





### 3.2 Is alle Christene vervul met die Heilige Gees?

**Gevul maar nie vervul nie. (Joh 3:3-8).**

- 'n Mens kan mooi en voorbeeldig en selfs godsdienstig lewe soos Nikodemus en dan nog steeds ongered en geestelik dood wees. Eers as die Heilige Gees jou lewe kom oorneem, kry jy die nuwe lewe en maak die Heilige Gees jou 'n kind van God. Elkeen wat daarom uit die Gees van God wedergebore is, is 'n kind van die Vader (Joh. 3:3,5). Daarom sal die Gees van God in ons roep "Abba Vader" (Rom. 8:9,16). Die Gees getuig saam met ons gees dat ons nou kinders van God is en niemand kan sê dat hy aan die Here behoort sonder dat die Heilige Gees in hom is nie. (1 Kor. 12:3)
- Dit beteken dat die Heilige Gees in elke ware wedergebore Christen se lewe is. Die groter vraag is egter of alle Christene in wie die Heilige Gees woon noodwendig vervul is met die Gees van God.

**Christene kan die Heilige Gees bedroef.**

- Die probleem is egter dat al word jy 'n kind van God, jou ou sondige natuur nie verdwyn nie. Jou selfsugtige geaardheid is nog steeds met jou tot jou dood of tot met die wederkoms van Christus. Daarom is daarin elke Christen 'n voortdurende stryd tussen jou ou natuur en die Heilige Gees en kan ons nie altyd lewe soos ons graag wil nie. (Gal 5:16-18)
- Vanweë ons sondige natuur laat ons weer sonde toe in ons lewe. Daarom skryf Paulus aan die Christene in die gemeente van Efese dat hulle daarteen moet waak om nie die Heilige Gees te bedroef nie (Ef 4:30). Dit is moontlik dat 'n Christen die Gees kan bedroef deur weer sonde in sy lewe toe te laat.
- In Ef 4:22-5:5 wys Paulus daarop dat daar sonde in die gemeentelede van Efese se lewens is en dan noem hy byvoorbeeld verbittering, woede, vloekery, geskel, onvergewensgesindheid, vuil praatjies en selfs onsedelikheid en gierigheid.
- Die aard van die Gees is dat Hy heilig is en as jy sonde toelaat dan bedroef jy Hom en is jy nie vervul en onder die volle beheer van die Gees nie. (1 Kor 3:1-4,11-15)



**Christene kan die Gees weerstaan.**

- Paulus waarsku ook die gelowiges in Tessalonika om nie die Gees van God teen te staan of uit te blus nie. (1 Tess 5:19) Dit is moontlik om die vlam van God te smoor. Die Gees van God het in hierdie gemeente op 'n nuwe manier begin werk en gewone lidmate het begin profeteer en begin om die boodskappe van God oor te dra aan die gemeente. Daar was egter verset teen hierdie nuwe manier van doen en die tradisionaliste het gesê dat dit nie mag gebeur nie omdat dit net die taak van die priester is om voor te gaan met die Woord van God.
- Paulus waarsku hulle dat hulle nie die Gees moet teenstaan nie en hulle nie moet verset teen die leiding van die Gees wat op 'n nuwe manier wil begin werk nie. As iemand die Gees weerstaan dan is hy nie onder beheer van die Gees en nie vervul nie.

**Christene kan onkundig wees oor die Gees.**

- Ons lees in Hand 19:1-7 dat Paulus in Efese twaalf gelowiges aantref wat tot bekering gekom het, maar onkundig is oor die Heilige Gees. Daarom vra Paulus vir hulle: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?"
- Hierna het Paulus vertel dat Jesus met Sy Hemelvaart beloof het om die Heilige Gees te stuur om by hulle te wees en in hulle te woon. Hierna het hy vir hulle gebid om vervul te word. Toe die Heilige Gees die beheer oorgeneem het, het die gawes in hulle begin funksioneer en het hulle kragtig getuig sodat hulle getalle vermenigvuldig het.

**Christene in Korinte is nie onder die Gees se beheer nie.**

- Ons lees ook in 1 Kor 3:1-4 dat Paulus aan die kinders van God in daardie gemeente skryf dat hulle hulle geestelike lewe moet reg kry omdat hulle lewe soos die wêreld lyk en nie onder die beheer van die Gees is nie. Hulle groei nie geestelik nie en hulle bly onvolwasse babatjies. Hulle dra nie die vrug van die Gees nie, maar die vrug van die ou natuur naamlik twis, tweedrag en jaloesie.
- Hy verduidelik ook verder in dieselfde hoofstuk dat hulle wel gered sal word, maar omdat hulle net besig was om uit hulle ou natuur te lewe en met strooi en stoppels besig te wees, dat hulle met skade en verlies gered sal word.



**Christene kan gevul maar nie vervul met die Heilige Gees wees.**

- Uit hierdie gedeeltes is dit duidelik dat ons as Christene nie altyd noodwendig deur die Gees van God beheer word nie en dat ons dan nie vervul is nie. Dit is moontlik dat ons die Gees kan bedroef, weerstaan en ongehoorsaam wees. Ons kan ook onkundig wees oor die Gees en die derde Persoon van die Drie-Eenheid nie erken, gehoorsaam of plek gee nie. Daarom sal die werking van die Gees, die gawes en die vrug nie in ons sigbaar wees nie.

## 3.3 Hoe word ek vervul met die Heilige Gees?

- God se standaard: Ons mag nie toelaat dat ons aanvaar dat God tevrede is met 'n geestelike louwarm lewe nie. Jesus vra alles of niks. "If He is not Lord of all, He is not Lord at all." God se standaard vir Sy volgelinge is volle oorgawe en 'n lewe onder die volkome beheer van die Heilige Gees. As ons lou is, is ons verwerplik en sal God ons uit Sy mond uitspoeg. (Open 3:16)

**Geesvervulling is 'n opdrag!**


- Paulus gee in Ef 5:18 'n opdrag vir elke gelowige om die Gees toe te laat om hulle hele lewe te vervul. Hy gebruik die beeld van iemand wat onder invloed van alkohol gekom het. Ons as Christene moet ook so onder die invloed (nie van wyn) en beheer van die Heilige Gees kom, want dan sal ons ook 'n nuwe vrymoedigheid in ons lewe hê en 'n passie om dinge vir God te doen. Omdat dit God se standaard en Sy wil is, het ons 'n opdrag om vervul met die Heilige Gees te lewe.

**God lief bo almal en alles?**

- Ons moet onsself eerlik afvra of ons regtig vir God lief het bo almal en alles. Is ons bereid om eerlik vir die Here te sê dat Hy met ons lewe en ons toekoms kan maak wat Hy wil. Het ons die Here meer lief as ons lewensmaat, ons kinders, ons vriende of ons eie gemak en gerief? Sal ons doen wat Hy van ons vra? Kan die Heilige Gees die volle beheer van ons lewe oorneem?

**Bid en ontvang**

- Ons moet weet dat dit God se wil en begeerte is om ons te vervul met die Heilige Gees. Ons word ook verseker dat as ons enige iets wat God se wil is vra, dan sal Hy dit gee. (1 Joh 5:14-15.) Ons hemelse Vader sal nie vir ons 'n klip gee as ons 'n brood vir Hom vra nie. Jesus het self belowe dat as ons die Vader vra vir die Heilige Gees, sal Hy ons verhoor en die Heilige Gees vir ons gee. (Luk 11:13) Ons moet daarom leer om met geloofsvertroue te bid. Prakties beteken dit dat as ons gevra het, moet ons volgende sin dankie sê.
- As ons iets vra volgens God se wil, sal Hy dit doen. Ons weet dat dit God se wil en standaard is dat ons Geesvervuld moet wees. As ons daarom bid vir vervulling met die Heilige Gees, sal die Gees van God ons onmiddellik vervul.
- Ons moenie wag vir een of ander ervaring, manifestasie of bewys nie. Ons moet leer om die gawe van God in geloof te ontvang. As ons vra, sal ons ontvang. As ons kies teen ons ou selfsugtige natuur en die Heilige Gees toelaat om ons lewe te beheer, sal Hy dit onmiddellik doen en kan ons in die geloof daarom dankie sê. (Gal 3:14)



*Voorbeeld van so 'n gebed*

*Here Jesus Christus, ek bely my selfsug, my selfgesentreerdheid en ongehoorsaamheid. Ek erken dat ek U, O Heilige Gees weerstaan en bedroef het. Ek kies nou teen myself en neem my kruis op en sterf in my eie wil en begeertes.*

*Ek gee nou my lewe se beheer en my toekoms oor aan U O, Heilige Gees. Vervul my en maak met my net soos wat U wil. Help my om telkens te bly by hierdie keuse en U steeds in beheer te hou van my lewe. Dankie dat U my gehoor het en my nou vervul en die beheer van my lewe oorgeneem het.*

*Amen.*

## 3.4 Bewys van Geesvervulling

- Ons moet onsself eerlik afvra of daar iets is wat ons terughou sodat ons nie ons lewe volkome aan die beheer van die Heilige Gees oorgee nie. Is daar vrese wat ons bind en terughou? Wil ons nog ons ou natuur beskerm en steeds eiewillig ons eie kop volg, of is ons bereid om ons kruis op te neem en te sterf in ons eie wil, planne en begeertes? (Luk 9:23)
- As ons gebid het vir die beheer van die Heilige Gees, moet ons in die geloof weet dat ons nou 'n ooreenkoms gemaak het wat vasstaan.
- Soms ervaar mens net 'n vrede, soms 'n blydskap, soms 'n gevoel van liefde en soms funksioneer 'n gawe dadelik of eers later. Die gevoel kan egter verander maar die ooreenkoms staan vas.

## 3.5 Prakties

- Gee vir elkeen in groepe kans om die Heilige Gees te vra om hulle te vervul.

sessie 4

# hoe bly ek vervul met die Heilige Gees?



**Fokus op God** (Lofprysing, gebed)

## 4.1 Welkom by Moreleta Kerk

- Moreleta Kerk is 'n gemeente vir jonk en oud.
- Daar is bedieninge vir voorskoolse kinders, kinders in die laer- en die hoërskool, asook jongmense na skool (MayDay).
- Daar is ook kursusse om lidmate op hulle lewensreis te begelei en toe te rus. Daar is byvoorbeeld 'n Doopkursus, kursusse vir toerusting vir voor en na die huwelik, kursusse vir ma-wees en ook een vir pa-wees. Daar is ook 'n evangelisasie toerustingskursus wat jou help om jou geloof met iemand te deel.
- Die kursus wat egter vir elke lidmaat bedoel is, is hiérdie kursus oor gemeente bekendstelling en toerusting van die Heilige Gees.
- Om al hierdie werksaamhede binne en buite die gemeente moontlik te maak is daar verskeie maniere hoe lidmate hulle tiendes en offergawes kan gee. Dit kan geskied deur kontant in die kluise by die kerk se uitgange in te gooi, of deur EFT en Zapper elektroniese oorbetalings te doen.

## 4.2 Kan ek die beheer van die Heilige Gees verloor?

*Geesvervulling is nie net eenmalig nie.*

### Het jy al 'n ooreenkoms gemaak?

- Ons is nie meer onkundig soos die gelowiges van Hand 19 nie. Met Jesus se Hemelvaart het Hy belowe om terug te kom, by ons te wees, maar ook deur die Heilige Gees in ons te woon. (Joh 14:16-18.) Ons was gehoorsaam aan die opdrag van Ef 5:18 en het 'n ooreenkoms met die Heilige Gees gemaak om ons lewe te beheer en ons te vervul. Ons het elke kamer se sleutel aan Christus oorgegee. Ons was seker en het vrede gekry dat ons vervul is met die Gees. Ons het die Heilige Gees gedank dat Hy ons vervul het en ons lewe se beheer oorgeneem het.

### Twyfel jy of dit gewerk het?

- Kort na hierdie ooreenkoms het daar dinge gebeur wat ons miskien laat twyfel het of die Gees regtig die beheer van ons lewe oorgeneem het. Miskien het ons weer ons ou natuur laat oorneem en gesondig.
- Ons het weer nie stiltetyd gehou nie of weer kwaad geword en was ongehoorsaam om te getuig. Ons het gedink dat ons nie weer sondes sou doen nie en elke oomblik onder beheer van die Gees sou bly lewe. Ons het egter weer gestruikel en teleurgestel en voel moedeloos en twyfel nou oor ons geestelike lewe.
- ·Miskien voel ons nie meer so vol vrede en blydskap en is die warm gevoel nie meer daar nie. My gevoel is nie meer dieselfde nie. Ons weet dat ons uit die geloof en nie uit die gevoel moet lewe nie. Ons moet egter weet dat ons emosies kan rondspring en verander. God se waarhede en ooreenkomste staan egter vas vir altyd.
- Miskien hoor ons hoe iemand anders die Heilige Gees ervaar het en ons begin twyfel omdat ons nie dieselfde ervaring beleef het nie. Ons moet weet dat die vyand alles sal doen om ons verhouding met die Heilige Gees te verswak of te vertroebel.



**'n Opdrag vir elke dag**

- Dit is belangrik om te verstaan dat die opdrag om vervul te word met die Gees in Ef 5:18 moet eintlik meer korrek vertaal word met; "word voortdurend met die Gees vervul", want in die oorspronklike Grieks is die opdrag in die teenswoordige, duratiewe imperatief tyd.



**Bly voortdurend vervul**

- ·Dit bevestig net wat die res van die Skrif sê dat Geesvervulling is nie 'n enkele eenmalige gebeurtenis nie. Dit beteken dat as 'n mens by 'n ooreenkoms met die Heilige Gees gekom het en vervul is, dan is jy nie nou in 'n permanente staat waar jy altyd vanselfsprekend vervul gaan bly nie. Ons Geesvervulling word steeds teengestaan deur ons ou natuur, die sondige wêreld en die satan. Petrus se lewe illustreer hierdie feit baie duidelik.



**"Second Blessing."**

- Sommige mense glo dat die Heilige Gees op 'n eenvormige vaste patroon werk en dat ná iemand se bekering daar 'n tweede ervaring moet kom. Hierdie tweede seën is dan die doop met die Heilige Gees. Die Skrif praat egter van Geesvervulling met verskillende wisselterme soos byvoorbeeld doop, vervulling, beheer, gelei, gesalf deur die Gees wat alles dui op dieselfde oorgawe van die Gees.
- Dit is ook duidelik uit Petrus se lewe dat daar meermale 'n oorgawe en seën van die Heilige Gees kan wees. Die Heilige Gees werk egter uniek in elke mens se lewe en daarom het elke siel sy eie geskiedenis en getuienis.

## 4.3 Petrus is meermale vervul

**Op Pinksterdag** (Hand 2:1-4)

- Nadat Petrus vir Jesus 3 maal verloën het, was hy teleurgesteld en ontevrede met sy geestelike lewe tot en met Pinksterdag toe die Heilige Gees met vuurtonge oor hom gekom het. Hierna het hy met 'n nuwe krag, vrymoedigheid en gesag getuig en 3 000 mense het met sy preek tot bekering gekom. Hier het Petrus vir die eerste maal die vervulling met die Heilige Gees ervaar.

**Voor die Joodse Raad** (Hand 4:8)

- Kort na Pinksterdag is Petrus en Johannes aangekla voor die Raadslede, Familiehoofde en Skrifgeleerdes. Die Heilige Gees het by hierdie geleentheid vir Petrus opnuut bekragtig sodat hy met 'n nuwe vervulling vrymoedig getuig het. Die Joodse Raad het verstom gestaan omdat hulle geweet het dat dit ongeleerde en eenvoudige mense was, wat nou met soveel oortuiging praat oor Christus as die enigste Naam waardeur daar redding is.

**In die biduur** (Hand 4:31)

- 'n Derde voorbeeld waar Petrus opnuut vervul is met die Heilige Gees, was tydens 'n gebedsbyeenkoms met medegelowiges. Terwyl hulle saam met Petrus, wat uit die gevangenis bevry is, gebid het, is die plek geskud en almal is opnuut met die Heilige Gees vervul, sodat hulle met nuwe vrymoedigheid, die Woord van God verkondig het. Petrus het met ander woorde meer as een maal die vervulling met die Heilige Gees beleef.

## 4.4 Petrus verloor die Heilige Gees se beheer (Gal 2:11-14, 19-20)

- Petrus struikel. Alhoewel Petrus kon getuig van Geesvervulling, kon hy ook vertel van hoe hy die Heilige Gees bedroef en weerstaan het en nie onder beheer van die Gees opgetree het nie. Paulus het op 'n stadium vir Petrus in Antiogië openlik bestraf omdat hy gehuigel het en van die reguit pad van die Evangeliese waarheid afgewyk het, en ook ander gelowiges saamgesleep het. Petrus struikel, sondig en is nie onder die Heilige Gees se beheer nie, maar het toegegee aan sy ou natuur wat aanvaarbaar wou wees en erkenning van die kerkleiers wou hê.

## 4.5 Geesvervulde Christene het steeds 3 vyande

**Ons sondige natuur** (Gal 5:16-18)

- As die Heilige Gees in ons lewe kom, beteken dit ongelukkig nie dat ons ou natuur met sy selfsugtige begeertes verdwyn nie. Hierdie ou natuur is in stryd teen die Gees en ons sondige begeertes probeer ons versoek en weglei van God se wil. My ou natuur begin weer oorvat in elke kamer in my huis en bedroef die Heilige Gees wat weerstaan word. Daarom is Jesus se definisie van 'n Christen dat hy 'n kruisdraer is. (Luk 9:23) Om Geesvervuld te bly moet ons, ons sondige natuur, hartstogte en begeertes bly kruisig. (Gal 5:24)

**Die sondige wêreld** (Jak 4:4)

- Die wêreld met sy verkeerde waardestelsel, vriende, invloede, en sug na plesier en aardse genietinge is 'n suigkrag wat ons van God wil wegtrek. In die gelykenis van die Saaier is dit juis die verleiding van die wêreld wat die goeie saad soos onkruid verdring. (Mark 4:19) Dit was nie net die verlore seun se selfsugtige begeertes nie, maar ook die versoekinge van die vêr land met sy wonderlike partytjies en mooi vroue wat hom uit die Vader se huis gelok het (Luk 15). Uiteindelik trek die wêreld ons weg van die Gees se leiding sodat ons in die varkhok beland.

**Die duiwel** (1 Pet 5:8)

- Die Bybel waarsku ons as Christene dat ons 'n vyand in satan het wat ons nie sal uitlos nie, maar wat soos 'n brullende leeu op ons fokus en ons probeer keer om nie God se pad te stap nie. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte (Ef 6:12). Hy probeer voortdurend om 'n swak of sondige plek te kry waardeur hy 'n vashou op ons lewe kan verkry.



## 4.6. Hoe bly ek Geesvervuld?

**Bly onder die Gees se beheer** (Gal 5:16)

- Ons moet kies om steeds deur die Gees beheers te word. Dit beteken egter dat ons ook voortdurend moet kies teen ons sondige ou natuur. Ons moet wandel onder leiding van die Gees wat elke deel van ons gedrag moet bepaal (Gal 5:25). Ons moet leer om die stille, spontane stem van die Heilige Gees te herken en dit dadelik te gehoorsaam. Ons het ook gesien dat ons 'n opdrag het om voortdurend deur die Gees vervul te word, sodat ons onder die Gees se beheer sal lewe en Sy stem sal bly gehoorsaam.

**Herstel as jy struikel.**

- As ons bewus geraak het dat ons ou natuur weer oorgevat het, moet ons dadelik weer teen hom kies, hom kruisig en die Gees toelaat om ons weer te beheer. Ons moet leer om geestelik uit en in te asem. Sodra ons bewus raak van sonde moet ons dit dadelik bely en laat staan sodat ons God se vergifnis kan ervaar. (1 Joh 1:9) Ons moet egter ook weer dadelik geestelik inasem en die Heilige Gees vra en toelaat om weer die beheer te neem.

**Bevestig jou ooreenkoms elke dag.**

- Ons moet leer om voortdurend in gemeenskap met die Heilige Gees te lewe en Hom toe te laat om ons elke oomblik te beheer. As ons byvoorbeeld soggens wakker word of voor 'n geestelike uitdaging staan, moet ons kies vir die Gees se beheer en glo dat Hy die beheer geneem het.

**Bly Geesvervuld**

- Solank as wat die Gees in ons in beheer is, sal ons binne die wil van die Vader leef, sal ons oorwinning oor sonde hê, sal ons die vrug van die Gees dra en sal die gawes van die Gees deur ons funksioneer sodat ons lewende fonteine vir die Here en Sy gemeente kan wees.



## 4.7 Prakties

- Gee kans in groepe vir stilgebed en vra dan die Heilige Gees om 'n gedagte (profesie) te gee wat julle dan met mekaar kan deel.

# notas



moreleta.org